NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

15 Julie 2022: Nr 24/2022

Warmnuus

Sinodesitting 16-20 Oktober

Hoe gemaak met afgevaardigdes?

Wanneer die sinode bymekaarkom dan vier ons, ons verbintenis aan mekaar as geloofsfamilie. Dit is daarom die gebruik dat sover moontlik al die gemeentes se predikante, sowel as 'n kerkraadslid vir elke predikant, afgevaardig word om dit by te woon. Dit is belangrik dat die feesgangers ook die samestellingsprofiel van die lidmate, nl. verskillende ouderdomme sowel as verskillende geslagte, sal vertoon. Dit is egter nie vir almal ewe maklik om vir vier nagte weg van die huis af te wees nie en daarom kan 'n gemeente meer sekundi aanwys. Dit sou dus moontlik wees dat 'n kerkraadslid die sitting vir twee dae bywoon en dan wissel met 'n ander een wat die ander dae bywoon.

Geloofsbriewe moet die Sinodehuis asb. teen *12 Augustus* bereik. **Kliek hier** vir 'n proforma-geloofsbrief.

CMR Noord / North

In aansluiting by verlede week se persverklaring het die Algemene Bestuurder van CMR Noord, Ronél Aylward, 'n belangrike inligtingstuk saamgestel. **Kliek hier** vir die volledige dokument en deel dit asb. ook met gemeentelede. **Kliek hier** vir die vorige week se persverklaring.

Sinodenuus

Sinodesitting: *Wysheid in 'n tyd soos hierdie*

Kliek hier vir die vorige inligting.
Inhandiging van beskrywingspunte: *31 Julie 2022*.
Inhandiging van geloofsbriewe: *12 Augustus 2022*.

Selfsorg

Predikante se selfsorg kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die A-Z handleiding van die kerk oor predikantebegeleiding verwoord daarom die belang van 'n gesonde leefstyl, baie pertinent.

Pieter Visser is nie net leraar van Wierdapark nie, maar ook 'n opgeleide fiksheidsinstrukteur. Hy gaan voortaan van tyd tot tyd in die Verskil belangrike inligting oor moontlikhede rakende gesonde leefstylgewoontes met ons deel.

Hier is Pieter se eerste bydrae:

My hart loop oor!

Pieter Visser skryf: “In die afgelope twee of drie maande was dit aansienlik makliker om my 10 000 treë vir die dag in te kry. Wat eers as ‘n vaderlike-verpligting begin het (my seuntjie het begin Pokémon Go speel en gevolglik moes ek saam met hom deur die strate van Wierdapark wandel op soek na Pokémon om te vang), het later in ‘n rits nagevolge uitgedraai wat nie net ons verhouding versterk het nie, maar my geestes- en fisiese gesondheid drasties verbeter het…. [Kliek hier om verder te lees]



❖ Tekslees met ‘n verskil

Datum: *19 Julie*
Skriflesing: *Hosea 1*
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir Fanie Cronjé (083 415 1452).
Zoom Meeting: Kliek hier; **Meeting ID**: 849 4892 0292; **Password**: 868556

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Bevestiging/Demissie

<< **Nicky Hattingh** [Sanddrift] se afskeid vind op Sondag *17 Julie* 09:00 plaas. Hy word op *31 Julie* om 11:00 by **Krokodilrivier** bevestig en lewer ook sy intreepreek.

>> **Goosen Thompson** [Richardsbaai] word op Sondag *31 Julie* om 09:00 by **Brits** bevestig.

<< **Willie Schoeman** [Alexandrië, Oos-Kaap] word op Sondag *7 Augustus* by **Lusaka** bevestig.

>> **Jana de Lange** [Universiteitsoord] ontvang op *31 Julie* demissie. Sy lewer haar afskeidspreke om 9:30 en 19:00.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

14/07 Retha Kruidenier [Mootvallei]
17/07 Corne Randall [Overkruin]
James Kemp [Emeritus]
19/07 Tjaart Meyer [Pietersburg-Oos]
Cobus van Wyngaard [Pretoria]
21/07 Petro Jonker [Rietfontein-Suid]
22/07 André Joubert [Eldoraigne]
Rehan Rheeder [Villieria]
Pieter Visser [Wierdapark]
23/07 Jan Bester [Wierdapark]

16/07 Chrissie van Heerden [Weduwee van Leon van Heerden]
20/07 Magda Benadé [Eggenote van Tinus Benadé, Thabazimbi]
22/07 Sannie-Esther van Staden [Eggenote van Etienne van Staden, Soutpansberg]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Baie geluk!

Andrew Murray [18/07/1976]

❖ Finansiële state:

Hiermee ‘n vriendelike herinnering aan gemeentes om hulle finansiële state so spoedig moontlik

aan *Naomi van Wyk* by die Sinodehuis te stuur [naomi@noordsin.co.za]. ***Baie dankie*** aan gemeentes wat reeds hulle state ingehandig het.

❖ Universiteitsoord

Winterkonsertreeks

Soos altyd, is ons orrelkonserte gratis, maar donasies word verwelkom en word aangewend vir die instandhouding van ons pragtige orrel. Kaartjies vir "*Another night at the movies*" beloop R100 en kan bespreek word by kantoor@universiteitsoord.co.za. Moet dit nie misloop nie!
17 Julie 11:00 – Die orrelis Isabelle van Rensburg, toegang: donasie;
24 Julie 11:00 – Die Nederlandse Orrelis Jaap Kramer, toegang: donasie;
29 Julie 19:00 – Another night at the movies.

❖ Pretoria

Bejaardes in die middestad

Francois Smit, leraar van dié gemeente skryf: "*As gemeente, wat hoofsaaklik onder arm mense werk, vind ons al hoe meer dat ons huidige finansiële probleme ons mense in die middestad baie swaar tref. Drie van ons aftree-oorde in ons grense het die afgelope jaar hulle deure gesluit. Daarbenewens het ons nog 'n aantal bejaardes wat alleen in woonstelle bly. Hierdie mense het gewoonlik geen ander heenkome nie…"* [**Kliek hier** en lees verder.]
Versoek: *Gemeentes se bystand tot die Brood- en Doeke-fonds vir bejaardes sal baie waardeer word.*
Vir verdere inligting*: Elize Steenkamp [012-344 1860 / info@pretoriachurch.org].*

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling.

* Volledige jaarprogram vir 2022

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za
Besoek Excelsus se webwerf: http://www.excelsus.org.za/

*** Gevorderde Kursus in Jeugbediening:** *Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP*
Datums: *18 - 21 Julie; 06 - 08 September; 14 – 17 November 2022*; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023*
[**Kliek hier** vir volledige inligting]

*** Brugbediening bied 'n unieke geleentheid:** Week 1: *25-28 Julie* – Prof. Malan Nel; Week 2: *7-10 November* - Christoph Müller (koördineerder). **Koste**: R2700.00 Kontak: carusta.vandermerwe@up.ac.za. [**Kliek hier** vir volledige inligting]

❖ Hugenote Kollege

Aansoeke vir 2023 word nou aanvaar!

* Doen nou aansoek deur www.hugenote.com te besoek.
  Baccalaureus in Maatskaplike werk
  Baccalaureus in Teologie (afstandsonderrig)
  Nasionale Diploma: Vroeë Kindontwikkeling
  FET-sertifikaat: Maatskaplike hulpwerk
  FET-sertifikaat: Kinder- en Jeugsorgwerk
  FET-sertifikaat: Gemeenskapsontwikkeling
* Vir meer inligting: applications@hugenote.com / 021 873 1181.

Advertensie vir SSI kortkursusse [**Kliek hier** vir inligting.]

Leierskap vir sosiale innovasie en entrepreneurskap
Datums: *11 Augustus* tot *7 September* - **Registrasie**: *5 Augustus*
Mensgesentreerde ontwerpdenke vir sosiale innovasie en entrepreneurskap
Datums: *21 September* tot *26 Oktober* – **Registrasie**: *16 September*
Mentoring en afrigting , persoonlike meesterskap en emosionele intelligensie vir sosiale besigheid
Datums: *9 November* tot *12 Desember* – **Registrasie**: *4 November*

* Daar is beperkte beurse vir NG Predikante beskikbaar – Kontak bleibbrandt@kaapkerk.co.za
* Besoek https://hugenote.com/ssi-shortcourses.

Ander nuus

❖ **Kerkargief nuusbrief:** **Kliek hier** om die nuutste uitgawe van die *NG Kerk Argief* se nuusbrief, **"*Die Eekhoring*"** te lees. **Navrae** kan aan die Bestuurder, Andrew Kok, gerig word: argief@kaapkerk.co.za / 021 882 9923.

❖ **Christelike Lektuurfonds**

Nuut by CLF

Deon Loots se boek ***Geniet God! Gesels saam oor dissipelskap*** handel oor 'n kernaspek van dit waartoe Christus ons elkeen roep: om navolgers van Hom te wees, dissipels. Ons behoort in hierdie dae veel meer oor hierdie sentrale element van Christen-wees te gesels. [**Kliek hier** en lees meer.]
* Lees meer oor die skrywer hier - https://clf.co.za/authors/deon-loots/
* Koop dit by alle CLF Boekwinkels (https://shop.clf.co.za/contact-us/) of op CLF se aanlynwinkel - https://shop.clf.co.za/product/geniet-god/

❖ **Vakatures**

Universiteitsoord

Studenteleraar - **Sluitingsdatum:** *15 Julie 2022* - **Kliek hier** en lees meer. Slegs kandidate wat die amptelike aansoekvorm voltooi het, sal in oorweging kom. Aansoekvorms is per e-pos by kantoor@universiteitsoord.co.za beskikbaar. Kontak Fritz Snyman [082 332 5781].

Musiekleier (Aanderedienste) – **Sluitingsdatum**: *29 Julie 2022* – **Kliek hier** en lees meer. Slegs kandidate wat die amptelike aansoekvorm voltooi het, sal in oorweging kom. Aansoekvorms is per e-pos by kantoor@universiteitsoord.co.za beskikbaar. Kontak asb die kerkkantoor by 012 362 0663 of Flip Erasmus [082 922 4422] met enige navrae.

Raslouw

Orrelis (oggenddiens)

Sluitingsdatum: *31Julie 2022* – Die behoefte is 'n bekwame orrelis wat die gemeente op 'n kreatiewe wyse met die orrel en klavier kan begelei om ons samesang potensiaal te ontwikkel. **Kliek hier** en lees verder. Navrae: Voorsitter: Erediensbediening (Charles Ross) – 082 785 5013.

Huis Piek

Ondersteuning van bejaardes

Die Tuiste vir Bejaardes in Nieuw Muckleneuk, Pretoria het 'n pos vir 'n dame met verpleegondervinding en wie bejaardesorg ondersteuning kan bied. Die persoon moet kan inwoon. **Kliek hier** vir al die besonderhede.
Kontakbesonderhede: Linda Kotze: skdbm@mweb.co.za; Adrie van Deventer: adrie3@mweb.co.za

Kerkbode Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif